

Naam:

Lees die volgende koerantberig deeglik deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

ERNIE ELS BEGIN SKOOL IN DIE VSA

Ernies naam is dekades lank al sinoniem met uitmuntendheid in die gholfwêreld – maar nou lê sy voetspoor ook groot op 'n gebied ver weg van die gholfbaan: outisme.

Els en sy vrou, Liezl, het Maandag die eerste leerlinge by die Els Center of Excellence in Jupiter in die Amerikaanse deelstaat Florida welkom geheet. Hulle het daarmee die eerste fase van 'n reis wat ses jaar gelede begin het, afgesluit.

Hul seun Ben, wat aanstaande maand sy 13de verjaardag vier, is outisties en dis sy lot wat die hoeksteen van die Florida-sentrum vorm.

Hy is een van die 115 leerlinge, wat van drie tot 14 jaar oud is, wat nou sal skoolgaan in die sentrum, wat spesiaal gebou is vir kinders met alle grade van outisme.

“Dis ongelooflik om by dié punt te kom,” het Els volgens Yahoo Sport gesê. “Dis 'n droom wat waar word.”

Ernie en Liezl het in 2009 begin beplan aan die sentrum, wat op 10 ha grond gebou is en later ook 'n hoërskool en ander geriewe vir jong mense tussen 14 en 22 sal bied.

Spesiale aandag is gegee aan dinge wat die kinders se aandag kan aftrek. Die vensters is so gebou dat hulle daardeur kan sien as hulle staan, maar nie wanneer hulle sit nie. Die vertrekke is klankdig om steurings van buite te voorkom, en elke klaskamer het sy eie badkamer sodat onderwysers die leerlinge makliker kan monitor.

Daar is videokameras in die klaskamers sodat ouers en navorsers van oor die wêreld heen die kinders kan dop hou.

“Dit is ewe veel 'n navorsingsfasiliteit en 'n opvoedkundige sentrum,” het Els gesê toe hy in Januarie in Suid-Afrika was.

“Ons hoop is dat dit 'n plek sal word waar die kinders gehelp word om hul plekkie in die wêreld te vind en waar die slim navorsers hulle kan monitor om meer oor outisme te leer.

“Toe Ben gebore is, was baie min oor die siekte bekend, en hoewel daar nou meer inligting is, is daar steeds ruimte vir verbetering.

“Vir ons is dit belangrik om elke kind te help vorder. Elkeen is uniek,



so elkeen moet op 'n unieke manier benader word, en dis ons oogmerk.

“My seun het erge outisme, maar hy is 'n sensitiewe en gelukkige kind. Jy kry egter kinders wat skree en hul kop teen 'n muur stamp. Ben is lief vir rekenaars, en ander kinders se toekoms lê dalk in musiek. Ons moet hulle help om te vind wat hulle gelukkig maak.”

Vir Liezl is dit belangrik om mense te help wat minder hulpbronne as haar gesin het.

“Ons kon reg rondom die wêreld hulp gaan soek, maar nie almal is so gelukkig nie. Ek het besef hoe moeilik dit moet wees as jy nie al die nodige behandeling vir jou kind kan kry nie.”

Die Els-gesin het volgens die sentrum se webtuiste sowat \$6 miljoen (byna R80 miljoen) van hul eie geld aan die oprigting bestee en deur hul Elsfor Autism-gholfoernooie en ander liefdadigheidsgeleenthede \$30 miljoen (R400 miljoen) ingesamel.

In Suid-Afrika is daar vier Els for Autism-sentrums: in Johannesburg, Durban, Kaapstad en Somerset-Wes.

<http://www.netwerk24.com/nuus/2015-08-19-ernie-els-begin-n-skool-in-die-vsa>

1. Waarvoor is Ernie Els se naam dekades al bekend?

2. Wat is die outismeskool se naam wat Ernie en sy vrou begin het?

3. Hoe lank het die proses geneem om hierdie skool te begin?

4. Wat het daartoe gelei dat Ernie en Liezl 'n outismeskool wou begin?

5. Hoeveel outistiese leerders gaan skool in hierdie sentrum en hoe oud is hulle?

6. Noem drie faktore wat aangebring is aan die klaskamers sodat die leerders se aandag minder afgetrek kan word:

7. Waarom is daar videokameras in die klaskamers?

8. Skryf een aanhaling van Ernie Els neer wat bevestig dat hy outistiese kinders wil help:

9. Wat bedoel Liezl as sy sê sy wil mense help wat minder **hulpbronne** as haar gesin het?

10. Wat bedoel Ernie met die beeldspraak "Dis 'n droom wat waar word"?

11. Hoeveel rand is altesaam aan hierdie outismesentrum bestee?

12. Dink jy hierdie skool sal suksesvol wees? Waarom sê jy so?

Antwoordblad

1. Hy is 'n baie goeie gholfspeler. (1)
2. Els Center of Excellence (1)
3. 6 jaar (1)
4. Hul seun, Ben, is outisties. (1)
5. 115 leerders
3 tot 14 jaar (2)
6. Die vensters is so gebou dat hulle daardeur kan sien as hulle staan, maar nie wanneer hulle sit nie.
7. Die vertrekke is klankdig om steurings van buite te voorkom.
8. Elke klaskamer het sy eie badkamer sodat onderwysers die leerders makliker kan monitor. (3)
9. Sodat ouers en navorsers van oor die wêreld heen die kinders kan dophou. (1)
10. "Vir ons is dit belangrik om elke kind te help vorder." (1)
Of
"Ons moet hulle help om te vind wat hulle gelukkig maak." (1)
11. Sy wil mense help wat minder geld as hulle het en/of nie toegang het tot al die inligting en hulpmiddels om hul outistiese kinders optimaal te help nie. (3)
12. Dis vir hom soos 'n droom wat verwerklik word; iets waarvoor hy lank gedroom het, word werklikheid. (2)
13. R480 miljoen (2)
14. Oop antwoord (moet goeie motivering bevat) (3)

TOTAAL: 20 punte